- (7) (a) 'n Werkgever moet alle toelae en uitgawes wat ingevolge subklousules (5) en (6) aan 'n werknemer betaalbaar is, binne sewe dae nadat die werknemer dit skriftelik geëis het, aan hom betaal: Met dien verstande dat 'n werknemer elke sodanige eis binne een maand vanaf die tydstop waarop hy daarop geregtig geword het, moet indien maar dat hy nie meer as een eis in 'n week mag indien nie.
- (b) 'n Werkgever kan van sy werknemer vereis om elke eis so op te stel dat dit weergee—
- (i) in die geval van 'n eis ingevolge subklousule (5) (a), die soort vervoer en die vervoerkoste of die aard van alle ander uitgawes waarvoor hy vergoeding eis;
- (ii) in die geval van 'n eis ingevolge subklousule (5) (b), die afstand wat hy elke dag afgelê het, die plekke wat besoek is en, uitgesonderd in munisipale gebiede, die roete wat gevolg is;
- (iii) in die geval van 'n eis ingevolge subklousule (6), die tyd waarop elke tydperk van afwesigheid begin en geëindig het; en ten einde aan so 'n vereiste te kan voldoen, moet sy werkgever, voordat sodanige reis deur sodanige handelsreisiger, demonstrateur-verkooopsman, buiteverkooopsassistent of versorger-bestellingnemer onderneem word, aan hom 'n geskikte boek of vorms verskaf waarin of waarop gepaste aantekeninge gehou kan word: Met dien verstande dat indien 'n werknemer nie kan lees of skryf nie, sy werkgever moet toesien dat hy gehelp word om sy eis op te stel.
- (8) *Fietstoelae.*—'n Werkgever wat van 'n werknemer vereis of hom toelaat om in die uitvoering van sy pligte sy eie fiets te gebruik, moet hom, benewens enige ander besoldiging aan hom verskuldig, 'n toelae van minstens R1,50 per week of, as hy 'n los werknemer is, minstens 30c per dag betaal.
- (9) *Verhogingsdatum.*—Indien 'n werknemer ingevolge subklousule (1) voor of op die 15de dag van die maand op 'n verhoging geregtig word, word daar geag dat sodanige verhoging hom toeval op die eerste dag van daardie maand, maar as hy na die 15de dag van die maand op

month, the increment shall be deemed to accrue on the first day of the next succeeding month: Provided that in any establishment in which staggered pay-days are observed, any increment falling due within 15 days immediately following a designated pay-day, shall be deemed to accrue on such designated pay-day, and any increment falling due after such 15 days shall be deemed to accrue on the next succeeding pay-day.

(10) An employee who is employed as an unqualified employee for any class of work for which wages are prescribed on a rising scale calculated on experience and who fails to provide his employer within three months after the date of commencement of his employment with proof of any period of employment in that class which he has had with another employer, shall be deemed not to have had such period of employment in that class with the other employer, and the expression "that class" shall include any class in which employment is reckonable as experience in the class in which he is employed: Provided that if at any time after the expiration of the said period of three months an employee provides his employer with such proof, the period of employment with the other employer shall be reckonable as experience, but only with effect from the date on which his employer is provided with such proof.

#### 4. PAYMENT OF REMUNERATION

(1) *Employees other than casual employees.*—Save as provided in clauses 3 (7) and 6 (4), any amount due to an employee, other than a casual employee, shall be paid in cash weekly or monthly or, with the consent of the employee, by cheque, during the hours of work on the usual pay-day of the establishment for such employee or on termination of employment if this takes place before the usual pay-day, and such amount shall be contained in a sealed envelope or container on which shall be recorded or which shall be accompanied by a statement showing—

- (a) the employer's name;
- (b) the employee's name or his number on the pay-roll and his class;
- (c) the number of overtime hours worked by the employee;
- (d) the number of hours worked by the employee on a Sunday or a public holiday;
- (e) the employee's wage;
- (f) the details of any other remuneration arising out of the employee's employment;
- (g) the details of any deductions made;
- (h) the actual amount paid to the employee; and
- (i) the period in respect of which payment is made;

and such envelope or container on which these particulars are recorded or such statement shall become the property of the employee: Provided that—

- (i) at the written request of an employee the amount due to him may be paid into his building society or bank account by his employer who shall hand him the relevant receipt together with the aforementioned statement;
- (ii) the aforementioned information relating to time worked need not be furnished in respect of an employee who is excluded from the hours of work provisions by virtue of clause 5 (9) (a) or (f).

(2) *Casual employees.*—An employer shall pay the remuneration due to a casual employee in cash on the termination of his employment, but at least once a week.

(3) *Premiums.*—No payment shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee.

(4) *Purchase of goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods from him or from any shop, place or person nominated by him.

(5) *Food and accommodation.*—Save as provided in the Blacks (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, an employer shall not require his employee to accept food or accommodation or food and accommodation from him or from any person or at any place nominated by him.

(6) *Deductions.*—An employer shall not levy any fines against his employee nor shall he make any deductions from his employee's remuneration: Provided that he may make the following deductions:

- (a) With the written consent of his employee, a deduction for any holiday, sick, medical, insurance, savings, provident or pension fund, or for subscriptions to a trade union or to a welfare organisation registered in terms of the National Welfare Act, 1965, or for contributions to a staff social club or presentation fund;
- (b) except where otherwise provided in this determination, whenever an employee is absent from his work, otherwise than on the instructions or at the request of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence and calculated on the basis of the wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time of such absence;
- (c) a deduction of any amount which an employer is by law or order of any competent court required or permitted to make;

die verhoging geregtig word, word daar geag dat dit hom op die eerste dag van die eersvolgende maand toeval: Met dien verstande dat dit in enige bedryfsinrigting waarin verspreide betaaldae nagekom word, enige verhoging wat betaalbaar is binne 15 dae onmiddellik na 'n aangewese betaaldag, geag word toegeval te wees op sodanige aangewese betaaldag en enige verhoging wat betaalbaar is ná sodanige 15 dae, geag word toegeval te wees op die eersvolgende betaaldag.

(10) Indien 'n werknemer as 'n ongekwalifiseerde werknemer in diens geneem word vir enige klas werk waarvoor lone voorgeskryf word ooreenkomstig 'n stygende skaal wat volgens ondervinding bereken word, en hy versuim om binne drie maande na die datum waarop hy diens aanvaar het aan sy werkgever bewys te lewer van enige diens wat hy in daardie klas by 'n ander werkgever gelewer het, word daar geag dat hy nie sodanige dienstydyperk in daardie klas by die ander werkgever gehad het nie, en die uitdrukking „daardie klas" omvat enige klas waarin diens bereken kan word as ondervinding vir die klas werk wat hy verrig: Met dien verstande dat, indien die werknemer te eniger tyd na die verstryking van genoemde tydperk van drie maande aan sy werkgever sodanige bewys lewer, die dienstydyperk by die ander werkgever gereken kan word as ondervinding, maar slegs met ingang van die datum waarop sodanige bewys aan sy werkgever gelewer word.

#### 4. BETALING VAN BESOLDIGING

(1) *Werknemers uitgesonderd los werknemers.*—Behoudens klousules 3 (7) en 6 (4), moet elke bedrag verskuldig aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, weekliks of maandeliks in kontant of, as die werknemer daartoe instem, per tjek betaal word gedurende die werk-ure op die gewone betaaldag van die bedryfsinrigting vir so 'n werknemer of by diensbeëindiging, as dit voor die gewone betaaldag geskied, en sodanige bedrag moet in 'n verseëelde koevert of houer wees waarop, of wat vergesel gaan van 'n staat waarop, gemeld word—

- (a) die werkgever se naam;
- (b) die werknemer se naam of sy nommer op die betaalstaat en sy klas;
- (c) die getal ure wat die werknemer oortyd gewerk het;
- (d) die getal ure wat die werknemer op 'n Sondag of 'n openbare vakansiedag gewerk het;
- (e) die werknemer se loon;
- (f) besonderhede van enige ander besoldiging wat uit die werknemer se diens voortspruit;
- (g) besonderhede van enige bedrag wat afgetrek is;
- (h) die werklike bedrag wat aan die werknemer betaal word; en
- (i) die tydperk waarvoor die betaling geskied;

en sodanige koevert of houer waarop hierdie inligting aangeteken is of sodanige staat word die eiendom van die werknemer: Met dien verstande dat—

- (i) op die skriftelike versoek van die werknemer, die bedrag aan hom verskuldig gestort kan word op sy bouvereniging- of bankrekening deur die werkgever wat die betrokke kwitansie, tesame met voornoemde staat, aan hom moet oorhandig;
- (ii) voornoemde inligting betreffende tyd gewerk nie verstrekkend hoeft te word aan 'n werknemer wat ingevolge klousule 5 (9) (a) of (f) van die werkurebepalings uitgesluit is nie.

(2) *Los werknemer.*—'n Werkgever moet die besoldiging wat aan 'n los werknemer verskuldig is, by die beëindiging van sy diens in kontant aan hom betaal, maar minstens een maal per week.

(3) *Premies.*—Geen bedrag mag regstreeks of onregstreeks vir die indiensneming of opleiding van 'n werknemer aan 'n werkgever betaal of deur hom aangeneem word nie.

(4) *Koop van goedere.*—'n Werkgever mag nie van sy werknemer vereis om goedere van hom of van enige winkel, plek of persoon deur hom aangewys, te koop nie.

(5) *Kos en inwoning.*—Behoudens die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, mag 'n werkgever nie van sy werknemer vereis om kos of inwoning of kos en inwoning van hom of van enigiemand anders of op 'n plek deur hom aangewys, aan te neem nie.

(6) *Aftrekkings.*—'n Werkgever mag sy werknemer geen boetes ople of enige bedrae van sy werknemer se besoldiging aftrek nie: Met dien verstande dat hy die volgende kan aftrek:

- (a) Met die skriftelike toestemming van sy werknemer, 'n bedrag vir 'n vakansie-, sieke-, mediese, versekerings-, spaar-, voorsorg- of pensioenfonds, of vir ledegede van vakverenigings of van 'n welsynorganisasie geregistreer ingevolge die Nasionale Welsynwet, 1965, of vir bydraes aan 'n personeel-, sosiale klub- of presentasiefonds;
- (b) behoudens andersluidende bepalinge in hierdie Vasstelling, telkens wanneer 'n werknemer om 'n ander rede as op las of versoek van sy werkgever van sy werk afwesig is, 'n bedrag eweredig aan die tydperk van sy afwesigheid en bereken op die grondslag van die loon wat sodanige werknemer ten tyde van sodanige afwesigheid ten opsigte van sy gewone werkure ontvang het;
- (c) enige bedrag wat 'n werkgever regtens of kragtens of ingevolge 'n bevel van 'n bevoegde hof mag of moet aftrek;

- (d) whenever an employee is required in terms of the Blacks (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, or agrees to accept food or accommodation or food and accommodation from his employer, a deduction not exceeding the amounts specified hereunder:

	Per week	Per month
	R	R
(i) Food .....	3,00	13,00
(ii) Accommodation .....	1,50	6,50
(iii) Food and Accommodation .....	4,50	19,50

- (e) with the written consent of an employee, a deduction of any amount which the employer has paid or has undertaken to pay to any banking institution, building society, insurance business, local authority or registered financial institution in respect of a payment on a loan granted to such employee to acquire a dwelling;

- (f) with the written consent of an employee, a deduction of any amount which the employer has paid or has undertaken to pay to any other organisation in respect of—

(i) a payment on a loan granted to such employee to acquire a dwelling; or

(ii) the rent of a dwelling or accommodation in a hostel occupied by such employee,

if such dwelling or hostel is provided through the instrumentality of such other organisation wholly or partially from funds advanced for that purpose by the State, a building society or a local authority;

- (d) wanneer 'n werknemer daartoe instem of daar ingevolge die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, van hom vereis word om kos en inwoning of kos of inwoning van sy werkgever aan te neem, 'n bedrag van hoogstens—

	Per week	Per maand
	R	R
(i) Kos .....	3,00	13,00
(ii) Inwoning .....	1,50	6,50
(iii) Kos en inwoning .....	4,50	19,50

- (e) met die skriftelike toestemming van die werknemer, enige bedrag wat die werkgever betaal het of onderneem het om te betaal aan 'n bankinstelling, bougenootskap, versekeringsonderneming, plaaslike owerheid of geregistreerde finansiële instelling ten opsigte van 'n betaling vir 'n lening wat aan sodanige werknemer toegestaan is om 'n woning aan te skaf;

- (f) met die skriftelike toestemming van 'n werknemer, enige bedrag wat die werkgever aan enige ander organisasie betaal het of onderneem het om te betaal ten opsigte van—

(i) 'n betaling vir 'n lening wat aan sodanige werknemer toegestaan is om 'n woning aan te skaf;

(ii) die huur van 'n woning of huisvesting in 'n tehuis wat deur sodanige werknemer beset word,

indien sodanige woning of tehuis van sodanige ander organisasie verskaf word uitsluitlik of gedeeltelik uit fondse wat vir daardie doel deur die Staat, 'n bougenootskap of 'n plaaslike owerheid voorgekiet is.

#### 5. HOURS OF WORK, ORDINARY AND OVERTIME, AND PAYMENT FOR OVERTIME

- (1) *Ordinary hours of work.*—An employer shall not require or permit an employee to work more ordinary hours of work than—

- (a) in the case of an employee wholly or mainly engaged in the receipt, despatch or delivery of goods—

(i) 46 in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to subparagraph (i), nine hours and 12 minutes on any day, in the case of an employee who works a five-day week, or, in the case of an employee who works a six-day week, eight hours on any day, unless the hours on one day do not exceed five, in which case the hours on any of the other days may be extended to eight and a half;

- (b) in the case of a part-time employee—

(i) 25 in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to subparagraph (i), eight on any day;

- (c) in the case of a casual employee, eight on any day;

- (d) in the case of a security guard and a watchman—

(i) 72 in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to subparagraph (i), 12 on any day;

- (e) in the case of every other employee—

(i) 45 in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to subparagraph (i), nine hours on any day, in the case of an employee who works a five-day week, or eight hours on five days in any week and five hours on one day in such week, in the case of an employee who works a six-day week;

Provided that—

(i) where an employee is required to attend to a customer after the completion of the ordinary hours of work referred to in subparagraphs (b) (ii), (c) or (e) (ii), the said ordinary hours of work may be exceeded by not more than 15 minutes on any day and by not more than one hour in any week;

(ii) where a late closing day is permitted by law, the ordinary hours of work prescribed in subparagraph (a) (ii) may, in the case of an employee delivering goods, be extended by half an hour on one such day in a week if the limitation prescribed in subparagraph (a) (i) will not be exceeded by such extension;

(iii) where a late closing day is permitted by law, the ordinary hours of work prescribed in subparagraph (e) (ii) may be extended by one and a half hours on one such day in any week if the limitation prescribed in subparagraph (e) (i) will not be exceeded by such extension.

- (2) *Meal Intervals.*—An employer shall not require or permit an employee to work for more than five hours continuously without a meal interval of at least one hour, during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall not form part of the ordinary hours of work or overtime: Provided that—

(i) an employer may agree with his employee to reduce the period of such interval to not less than half an hour, and in that event and after the employer has informed the Divisional Inspector, Department of Manpower Utilisation, for his area in writing of such agreement, the interval may be so reduced:

#### 5. WERKURE, GEWONE EN OORTYD- EN BETALING VIR OORTYDWERK

- (1) *Gewone werkure.*—'n Werkgever mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om meer gewone werkure te werk nie as—

- (a) in die geval van 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik goedere ontvang, versend of aflewer—

(i) 46 in 'n week van Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) behoudens subparagraaf (i) hiervan, nege uur en 12 minute op 'n dag, in die geval van 'n werknemer wat vyf dae per week werk of, in die geval van 'n werknemer wat ses dae per week werk, agt uur op 'n dag, tensy die ure op een dag hoogstens vyf is, wanneer die ure op die ander dae hoogstens agt en 'n half op 'n dag mag wees;

- (b) in die geval van 'n deeltydse werknemer—

(i) 25 in 'n week van Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) behoudens subparagraaf (i) hiervan, agt op 'n dag;

- (c) in die geval van 'n los werknemer, agt op 'n dag;

- (d) in die geval van 'n sekuriteitswag en 'n wag—

(i) 72 in 'n week van Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) behoudens subparagraaf (i), 12 op 'n dag;

- (e) in die geval van alle ander werknemers—

(i) 45 in 'n week van Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) behoudens subparagraaf (i), nege uur op 'n dag, in die geval van 'n werknemer wat vyf dae per week werk, of agt uur op vyf dae in 'n week en vyf uur op een dag in sodanige week, in die geval van 'n werknemer wat ses dae per week werk;

Met dien verstande dat—

(i) waar daar van 'n werknemer vereis word om 'n klant te bedien na voltooiing van die gewone werkure in subparagraaf (b) (ii), (c) of (e) (ii) bedoel, genoemde gewone werkure met hoogstens 15 minute op 'n dag en met hoogstens een uur in 'n week te bowe gegaan mag word;

(ii) wanneer die wet toelaat dat daar op 'n dag laat gesluit mag word, die gewone werkure wat in subparagraaf (a) (ii) voorgeskryf word, met 'n halfuur op een sodanige dag in 'n week verleng mag word in die geval van 'n werknemer wat goedere aflewer, indien sodanige verlenging nie die beperking in subparagraaf (a) (i) voorgeskryf, te bowe gaan nie;

(iii) wanneer die wet toelaat dat daar op 'n dag laat gesluit mag word, die gewone werkure wat in subparagraaf (e) (ii) voorgeskryf word op een sodanige dag in 'n week met een en 'n half uur verleng mag word, indien sodanige verlenging nie die beperking in subparagraaf (e) (i) voorgeskryf, te bowe gaan nie.

- (2) *Etenspouse.*—'n Werkgever mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om meer as vyf uur aaneen sonder 'n etenpouse van minstens een uur te werk nie, en gedurende sodanige pouse mag daar nie van sodanige werknemer vereis word of mag hy nie toegelaat word om enige werk te verrig nie, en sodanige pouse maak nie deel van die gewone werkure of oortydure uit nie: Met dien verstande dat—

(i) 'n werkgever met sy werknemer ooreen kan kom om die duur van sodanige pouse tot minstens 'n halfuur te verkort, en in dié geval en nadat die werkgever die Afdelingsinspekteur, Departement van Mannekragbenutting, vir sy gebied, skriftelik in kennis gestel het van sodanige ooreenkoms, kan die pouse aldus verkort word;

- (ii) periods of work interrupted by intervals of less than one hour, except when proviso (i) or (vii) applies, shall be deemed to be continuous;
- (iii) in the case of a chauffeur or a lift attendant, if such interval be longer than two hours, any period in excess of two hours shall be deemed to be ordinary hours of work or overtime;
- (iv) in the case of an employee who is wholly or mainly engaged in cleaning premises or opening or closing shops, if such interval be longer than three hours, any period in excess of three hours shall be deemed to form part of the ordinary hours of work or overtime;
- (v) if such interval be longer than one hour, except when proviso (iii) or (iv) applies, any period in excess of one and a half hours shall be deemed to be time worked;
- (vi) only one such interval during the ordinary hours of work of an employee on any day shall not form part of the ordinary hours of work;
- (vii) if on any day by reason of overtime work an employer is required to give an employee a second meal interval, such interval may, at the request of the employee, be reduced to half an hour;
- (viii) a driver or part-time driver who during such interval does no work other than being or remaining in charge of the vehicle shall be deemed for the purposes of this subclause not to have worked during such interval.

(3) *Rest intervals.*—An employer shall grant to each of his employees a rest interval of not less than 15 minutes as nearly as practicable in the middle of each morning and afternoon work period or of each first and second work period of the day, as the case may be, and during such interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall be deemed to be part of the ordinary hours of work of such employee.

(4) *Hours of work to be consecutive.*—Save as provided in subclause (2), all hours of work of an employee on any day shall be consecutive.

(5) *Conditions of overtime.*—An employer shall not require an employee to work overtime unless—

- (a) he has given such employee notice on the previous work-day, except if the employee is absent on such work-day, that he will, on the following work-day, be required so to work: Provided that such notice need not be given to a security guard, a watchman or a male employee wholly or mainly engaged in the delivery, despatch or receipt of goods, or to a female employee who is so engaged if and for so long as she is in receipt of a regular wage of not less than that prescribed for a male employee of the same class as that in which she is employed;
- (b) if the overtime will exceed one hour and before it is due to commence, he has paid such employee not less than 90 cents in sufficient time to enable the employee to obtain and have a meal, or has provided the employee with a meal to the value of at least 90 cents in sufficient time for him to have the meal, which payment or meal provided shall be in addition to the remuneration for the overtime in terms of subclause (7).

(6) *Limitation of overtime.*—An employee shall not require or permit an employee to work overtime for more than—

- (a) in the case of an employee wholly or mainly engaged in the despatch or receipt of goods—
  - (i) three hours on any day;
  - (ii) 12 hours in any week;
- (b) in the case of an employee wholly or mainly engaged in the delivery of goods, 12 hours in any week: Provided that during the period 1 December to 24 December, inclusive, this limitation may be exceeded by not more than four hours in any week;
- (c) in the case of an employee engaged in stocktaking or in work directly related to the moving of counters or gondolas, four hours on any day on not more than two days in any week: Provided that—
  - (i) for the purposes of this paragraph, overtime worked shall not be reckoned as part of the limitations prescribed in paragraphs (d) and (e);
  - (ii) this paragraph shall apply not more than twice during 12 months' employment with the employer;
- (d) in the case of a part-time employee—
  - (i) three hours on any day;
  - (ii) 15 hours in any week;
- (e) in the case of every other employee—
  - (i) three hours on any day;
  - (ii) 12 hours in any week;
  - (iii) 60 hours in any year;

Provided that during the period 8 December to 31 December, inclusive, in respect of the trade carried on by the holders of liquor store licences, and during the period 1 December to 24 December, inclusive, in respect of all other trades, the limitation

- (ii) werktjyperke wat deur pouses van minder as een uur onderbreek word, uitgesonderd waar voorbehoudsbepaling (i) of (vii) van toepassing is, geag word aaneenlopend te wees;
- (iii) in die geval van 'n chauffeur of 'n hyserbediener, indien sodanige pouse langer as twee uur is, enige tydperk bo en behalwe twee uur geag word gewone werkure of oortyd te wees;
- (iv) in die geval van 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik persele skoonmaak of winkels oop- of toesluit, indien sodanige pouse langer as drie uur is, enige tydperk bo en behalwe drie uur geag word deel van die gewone werkure of oortyd te wees;
- (v) as sodanige pouse langer as een uur is, behalwe waar voorbehoudsbepaling (iii) of (iv) van toepassing is, enige tydperk een en 'n half uur te bowe gaan, geag word werktyd te wees;
- (vi) alleenlik een sodanige pouse gedurende 'n werknemer se gewone werkure op 'n dag nie deel van die gewone werkure mag uitmaak nie;
- (vii) wanneer daar, vanweë oortyd wat gewerk is, van 'n werkgewer vereis word om op enige dag 'n tweede etenspouse aan 'n werknemer toe te staan, sodanige pouse op versoek van die werknemer tot 30 minute verkort mag word;
- (viii) 'n drywer van 'n motorvoertuig wat gedurende sodanige pouse geen ander werk verrig as om in beheer van die voertuig te wees of te bly nie, by die toepassing van hierdie subklousule geag word nie gedurende sodanige pouse te gewerk het nie.

(3) *Ruspouses.*—'n Werkgewer moet, so na doenlik aan die middel van elke werktjyperk in die voor- en namiddag of van elke eerste en tweede werktjyperk van die dag, na gelang van die geval, aan elkeen van sy werknemers 'n ruspouse van minstens 15 minute toestaan waarin daar nie van sodanige werknemer vereis of hy nie toegelaat mag word om werk te verrig nie. en daar word geag dat so 'n pouse deel van die gewone werkure van so 'n werknemer uitmaak.

(4) *Werkure moet agtereenvolgend wees.*—Behoudens subklousule (2), moet alle werkure van 'n werknemer op elke dag agtereenvolgend wees.

(5) *Voorwaardes vir oortyd.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis om oortyd te werk nie tensy—

- (a) hy sodanige werknemer op die vorige werkdag—behalwe wanneer die werknemer op sodanige werkdag afwesig is—kennis gegee het dat hy op die volgende werkdag oortyd sal moet werk: Met dien verstande dat sodanige kennis nie gegee hoef te word nie aan 'n wag, 'n veiligheidswag of 'n manlike werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik goedere aflewer, versend of ontvang, of aan 'n vroulike werknemer wat aldus werksaam is nie indien en solank sodanige werknemer gereeld 'n loon ontvang teen minstens die tarief wat voorgeskryf is vir 'n manlike werknemer van dieselfde klas as dié waarin sodanige vroulike werknemer werksaam is;
- (b) indien die oortydwerk langer as een uur sal duur en voordat dit begin, hy sodanige werknemer vroeg genoeg minstens 90c betaal sodat hy 'n ete kan koop en geniet, of hy 'n ete ter waarde van minstens 90c vroeg geniet aan die werknemer verskaf sodat hy dit kan geniet, welke betaling of ete bykomend is by die besoldiging vir die oortydwerk ingevolge subklousule (7).

(6) *Beperking van oortyd.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om langer oortyd te werk nie as—

- (a) in die geval van 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik goedere versend of ontvang—
  - (i) drie uur op 'n dag;
  - (ii) 12 uur in 'n week;
- (b) in die geval van 'n werknemer wat uitsluitlik of hoofsaaklik goedere aflewer, 12 uur in 'n week: Met dien verstande dat gedurende die tydperk 1 Desember tot en met 24 Desember, hierdie beperking met hoogstens vier uur oorskry mag word;
- (c) in die geval van 'n werknemer wat besig is met voorraadopname of werk wat regstreeks betrekking het op die verskuiwing van toonbanke of eilandrakke („gondolas”), vier uur op 'n dag op hoogstens twee dae in 'n week: Met dien verstande dat—
  - (i) vir die toepassing van hierdie paragraaf, oortydwerk verrig nie gereken moet word as deel van die beperkings wat in paragrafe (d) en (e) voorgeskryf word nie;
  - (ii) hierdie paragraaf van toepassing is hoogstens twee keer gedurende 12 maande diens by die werkgewer;
- (d) in die geval van 'n deeltjydse werknemer—
  - (i) drie uur op 'n dag;
  - (ii) 15 uur in 'n week;
- (e) in die geval van alle ander werknemers—
  - (i) drie, uur op 'n dag;
  - (ii) 12 uur in 'n week;
  - (iii) 60 uur in 'n jaar;

Met dien verstande dat gedurende die tydperk 8 Desember tot en met 31 Desember, ten opsigte van die bedryf wat uitgeoefen word deur die houer van botteldranklisensies, en gedurende die tydperk 1 Desember tot en met 24 Desember ten opsigte van alle ander bedrywe, die beperking van oortyd in hierdie subklousule

of overtime prescribed in this subclause may be exceeded by not more than a total of 15 hours but so that any prescribed daily limitations are not exceeded.

(7) *Payment for overtime.*—An employer shall pay an employee who works overtime at a rate of not less than—

- (a) in the case of a casual employee, one and a third times his wage in respect of the total period so worked by such employee on any day;
- (b) in the case of a part-time employee, one and a third times his wage in respect of the total period so worked by such employee in any week;
- (c) in the case of any other employee, one and a third times his wage in respect of the total period so worked by such employee in any week.

(8) *Female employees.*—Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause and save as provided in subclauses (5) (a) and (6) (c) an employer shall not—

- (a) require a female employee to work overtime of more than one hour on any day, subject to a maximum of three hours in any week: Provided that subject to subclauses (6) (d) and (e) a female employee may agree and be permitted to work overtime of more than one hour on any day or three hours in any week;
- (b) require or permit a female employee to work after 13h00 on more than five days in any week: Provided that for the purposes of stocktaking or of work directly related to the preparation for a sale or of any other work which cannot reasonably be done before 13h00 on any day, this limitation shall not apply in respect of the week in which such day falls, subject to the condition that a female employee shall not be required or permitted to work after 13h00 on six days in a week on more than six occasions in any period of 12 months' employment with the employer;
- (c) require or permit a female employee under the age of 18 years to work after 18h30 on any day:

Provided that where a female employee is required to attend to a customer after the time stipulated in paragraph (b) or (c), such employee may be required or permitted to attend to such customer for up to 15 minutes after the said stipulated time, but in the case of an employee referred to in paragraph (c) such attendance shall in the aggregate not exceed one hour in any week.

(9) *Savings.*—(a) This clause shall not apply to—

- (i) any employee if and for so long as such employee is in receipt of a regular wage at a rate of—
    - (aa) not less than R600,00 per month in the following areas: The Magisterial Districts of Alberton, Bellville, Benoni, Boksburg, Brakpan, The Cape, Durban, Germiston, Goodwood, Johannesburg, Kempton Park, Pinetown, Pretoria, Roodepoort, Simonstown, Springs, Wonderboom and Wynberg, and the municipal areas of Beacon Bay, Bloemfontein, Brackenfell, Carletonville, Delmas, Despatch, East London, Fochville, Heidelberg (Transvaal), Klerksdorp, Krugersdorp, Kuils River, Meyerton, Nigel, Odendaalsrus, Orkney, Paarl, Pietermaritzburg, Port Elizabeth, Potchefstroom, Randburg, Randfontein, Rensburg, Sasolburg, Somerset West, Stellenbosch, Stilfontein, Strand, Uitenhage, Umhlanga Rocks, Vanderbijlpark, Vereeniging, Verulam, Welkom, Westonaria and Witbank, and the village management board area of Virginia;
    - (ab) not less than R550,00 per month in the following areas: The municipal areas of Bethlehem, Empangeni, Ermelo, Estcourt, Evander, George, Glencoe, Gordon's Bay, Grahamstown, Harrismith, Hermanus, Howick, King William's Town, Knysna, Kroonstad, Ladysmith, Margate, Middelburg (Transvaal), Mossel Bay, Nelspruit, Newcastle, Oudtshoorn, Pietersburg, Port Shepstone, Queenstown, Rustenburg, Scottburgh, Stanger, Upington, Vredenburg-Saldanha, Wellington and Worcester;
    - (ac) not less than R500,00 per month in the remaining areas mentioned in clause 1 (1);
  - (ii) an outside sales assistant, a commercial traveller, a commercial traveller's assistant, a service supply salesman or to a general assistant who accompanies a service supply salesman if and for so long as such general assistant is in receipt of a regular wage of not less than that prescribed for a commercial traveller's assistant.
- (b) Subclauses (2), (3), (4), (5) (a) and (6) shall not apply to an employee while he is engaged on emergency work.
- (c) Subclauses (2), (3) and (4) shall not apply to an employee engaged in the sale, installation, repair or demonstration of

voorgeskrif met 'n totaal van hoogstens 15 uur oorskry kan word maar op so 'n wyse dat die daaglikse beperkings wat voorgeskryf is, nie te bowe gegaan word nie.

(7) *Betaling vir oortydwerk.*—'n Werkgewer moet 'n werknemer wat oortyd werk, betaal teen minstens—

- (a) in die geval van 'n los werknemer, een en 'n derde maal sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk aldus deur sodanige werknemer op 'n dag gewerk;
- (b) in die geval van 'n deeltydse werknemer, een en 'n derde maal sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk aldus deur sodanige werknemer in enige week gewerk;
- (c) in die geval van 'n ander werknemer, een en 'n derde maal sy gewone loon ten opsigte van die totale tydperk aldus deur sodanige werknemer in enige week gewerk.

(8) *Vroulike werknemers.*—Ondanks andersluidende bepalings in hierdie klousule en behoudens subklousules (5) (a) en (6) (c), mag 'n werkgewer nie—

- (a) van 'n vroulike werknemer vereis om vir langer as een uur op 'n dag oortyd te werk nie, behoudens 'n maksimum van drie uur in 'n week: Met dien verstande dat behoudens subklousule (6) (d) en (e) 'n vroulike werknemer kan instem en toegelaat mag word om langer as een uur op 'n dag of drie uur in 'n week oortyd te werk;
- (b) van 'n vroulike werknemer vereis of haar toelaat om na 13h00 op meer as vyf dae in 'n week te werk nie: Met dien verstande dat vir die doel van voorraadopname, of werk wat regstreeks in verband staan met voorbereidings vir uitverkopings of enige ander werk wat redelikerwys nie vóór 13h00 op enige dag gedoen kan word nie, hierdie beperking nie van toepassing is nie ten opsigte van die week waarin sodanige dag val, behoudens die bepaling dat daar nie van 'n vroulike werknemer vereis of sy toegelaat mag word om na 13h00 op ses dae in 'n week by meer as ses geleenthede in 'n tydperk van 12 maande diens by dieselfde werkgewer te werk nie;
- (c) van 'n vroulike werknemer vereis of haar toelaat om op enige dag na 18h30 te werk nie indien sy onder die ouderdom van 18 jaar is;

Met dien verstande dat waar daar van 'n vroulike werknemer vereis word om 'n klant te bedien ná die tyd genoem in paragraaf (b) of (c) hiervan, sodanige werknemer verplig of toegelaat mag word om vir hoogstens 15 minute na gemelde tyd sodanige klant te bedien, maar in die geval van 'n werknemer in paragraaf (c) genoem, mag sodanige bediening altesaam hoogstens een uur per week wees.

(9) *Voorbehoudsbepaling.*—(a) Hierdie klousule is nie van toepassing nie op—

- (i) enige werknemer indien en solank as wat sodanige werknemer 'n gereelde loon ontvang van—
    - (aa) minstens R600,00 per maand in die volgende gebiede: Die landdroesdistrikte Alberton, Bellville, Benoni, Boksburg, Brakpan, Die Kaap, Durban, Germiston, Goodwood, Johannesburg, Kempton Park, Pinetown, Pretoria, Roodepoort, Simonstad, Springs, Wonderboom en Wynberg, en die munisipale gebiede Beacon Bay, Bloemfontein, Brackenfell, Carletonville, Delmas, Despatch, Oos-London, Fochville, Heidelberg (Transvaal), Klerksdorp, Krugersdorp, Kuilsrivier, Meyerton, Nigel, Odendaalsrus, Orkney, Paarl, Pietermaritzburg, Port Elizabeth, Potchefstroom, Randburg, Randfontein, Rensburg, Sasolburg, Somerset West, Stellenbosch, Stilfontein, Strand, Uitenhage, Umhlanga Rocks, Vanderbijlpark, Vereeniging, Verulam, Welkom, Westonaria en Witbank en die dorpsbestuursraadsgebied Virginia;
    - (ab) minstens R550,00 per maand in die volgende gebiede: Die munisipale gebiede Bethlehem, Empangeni, Ermelo, Estcourt, Evander, George, Glencoe, Gordonsbaai, Grahamstad, Harrismith, Hermanus, Howick, King William's Town, Knysna, Kroonstad, Ladysmith, Margate, Middelburg (Transvaal), Mosselbaai, Nelspruit, Newcastle, Oudtshoorn, Pietersburg, Port Shepstone, Queenstown, Rustenburg, Scottburgh, Stanger, Upington, Vredenburg-Saldanha, Wellington en Worcester;
    - (ac) minstens R500,00 per maand in die oorblywende gebiede in klousule 1 (1) genoem;
  - (ii) 'n buitewerkoopsassistent, 'n handelsreisiger, 'n handelsreisiger se assistent, 'n versorger-bestellingnemer of 'n algemene assistent wat 'n versorger-bestellingnemer vergesel, indien en solank as wat sodanige algemene assistent 'n gereelde loon ontvang van minstens dié wat vir 'n handelsreisiger se assistent voorgeskryf is.
- (b) Subklousules (2), (3), (4), (5) (a) en (6) is nie op 'n werknemer van toepassing nie terwyl hy noodwerk verrig.
- (c) Subklousules (2), (3) en (4) is nie op 'n werknemer wat radio's, televisiestelle of -apparaat, koelkaste, brei- of naaimasjiene,

radios, television sets or apparatus, refrigerators, knitting or sewing machines, vacuum cleaners, floor polishers or other similar electrical appliances or non-electrical knitting or sewing machines.

- (d) Subclause (3) shall not apply to an employee engaged in delivering goods or in assisting on delivery vehicles.
- (e) Subclauses (5) (a) and (6) shall not apply to an employee engaged in tending, cleaning or feeding animals other than animals intended, displayed or offered for sale.
- (f) Subclauses (2) and (3) shall not apply to a security guard or a watchman.

#### 6. ANNUAL LEAVE

(1) Subject to subclause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, and the employee shall take, in respect of each completed period of 12 months of employment with him—

- (a) in the case of an outside sales assistant, a commercial traveller, a commercial traveller's assistant, a security guard or a watchman, 21 consecutive work-days' leave;
- (b) in the case of any other employee who normally works on not more than five days in a week, 15 consecutive work-days' leave;
- (c) in the case of any other employee who normally works a six-day week, 18 consecutive work-days' leave;

and shall pay such employee in respect of such leave—

- (i) in the case of an employee referred to in paragraph (a), an amount of not less than three and a half times the weekly wage which the employee was receiving immediately prior to the date on which the leave commenced: Provided that in the case of such an employee who works a five-day week, the employer shall pay him an amount of not less than four and one fifth times the weekly wage which the employee was receiving immediately prior to the date on which the leave commenced;
- (ii) in the case of an employee referred to in paragraph (b) or (c), an amount of not less than three times the weekly wage which the employee was receiving immediately prior to the date on which the leave commenced:

Provided that for the purposes of this clause the weekly wage of an employee who is employed on any basis provided for in clause 9 shall be calculated by dividing the total remuneration payable to him by virtue of clause 9 in respect of the 12 months immediately preceding the date of the accrual of his leave by 52 or, if he has had less than 12 months of such employment, by dividing the total remuneration so payable to him during his period of such employment by the number of completed weeks in such period.

(2) The leave prescribed in subclause (1) shall be granted and be taken, as the case may be, at a time to be fixed by the employer: Provided that—

- (i) if such leave has not been granted and taken earlier, it shall, save as provided in subclause (3), be granted and be taken so as to commence within three months after the completion of the 12 months of employment to which it relates or, if the employer and employee have agreed thereto in writing before the expiration of the said period of three months, the employer shall grant such leave to the employee and the employee shall take the leave from a date not later than three months after the expiration of the said period of three months;
- (ii) the period of leave shall not be concurrent with—
  - (aa) sick leave in terms of clause 7 or with absence from work owing to incapacity in the circumstances set out in clause 7 (5) (a) or (b) amounting in the aggregate in any one year to not more than 10 weeks or, where sick leave has been accumulated in terms of clause 7 (3), amounting in the aggregate in any one year to not more than 17 weeks;
  - (ab) any period during which the employee is under notice of termination of employment in terms of clause 12; or
  - (ac) any period during which the employee is doing military training or service under the Defence Act, 1957;
- (iii) an employer may set off against such period of leave any days of occasional leave granted on full pay to his employee at such employee's written request during the period of 12 months of employment to which the period of leave relates;
- (iv) when an employer requires his employee to take leave before the expiration of the 12 months of employment to which such leave relates, the employer shall grant such employee the full period of leave accruable for 12 months of employment and, with due regard to the accrual of any increments in terms of clause 3, shall pay such employee in respect of such leave an amount of not less than that which the employee would have been entitled to at the date on which the leave would normally have accrued: Provided that if an employee's employment terminates before the expiration of the 12 months in respect of

stofsuiers, poleerders of enige ander soortgelyke elektriese toestelle of nie-elektriese brei- of naaimasjiene verkoop, installeer, herstel of demonstreer, van toepassing nie.

- (d) Subklousule (3) is nie op 'n werknemer wat goedere aflewer of wat op 'n afleweringsvoertuig help, van toepassing nie.
- (e) Subklousules (5) (a) en (6) is nie van toepassing nie op 'n werknemer wat diere wat nie vir verkoop bedoel, vertoon of aangebied word nie, versorg, skoonmaak of voer.
- (f) Subklousules (2) en (3) is nie op 'n sekuriteitswag of 'n wag van toepassing nie.

#### 6. JAARLIKSE VERLOF

(1) Behoudens subklousule (2), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, ten opsigte van elke voltooide tydperk van 12 maande diens by hom verlof verleen en moet die werknemer verlof neem van—

- (a) in die geval van 'n buiteverkoopsassistent, 'n handelsreisiger, 'n handelsreisiger se assistent, 'n veiligheidswag of 'n wag, 21 agtereenvolgende werkdag;
- (b) in die geval van 'n ander werknemer wat op hoogstens vyf dae in 'n week werk, 15 agtereenvolgende werkdag;
- (c) in die geval van alle ander werknemers, wat normaalweg 'n sesdagweek werk, 18 agtereenvolgende werkdag;

en moet die werkgewer sodanige werknemer ten opsigte van sodanige verlof betaal—

- (i) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (a) bedoel, 'n bedrag van minstens drie en 'n half maal die weekloon wat hy onmiddellik voor die aanvangsdatum van die verlof ontvang het: Met dien verstande dat in die geval van so 'n werknemer wat 'n werksweek van vyf dae het, die werkgewer sodanige werknemer 'n bedrag van minstens vier en een vyfde maal die weekloon moet betaal wat hy onmiddellik voor die aanvangsdatum van die verlof ontvang het;
- (ii) in die geval van 'n werknemer in paragraaf (b) of (c) bedoel, 'n bedrag van minstens drie maal die weekloon wat hy onmiddellik voor die aanvangsdatum van die verlof ontvang het:

Met dien verstande dat, by die toepassing van hierdie klousule, die weekloon van 'n werknemer wat in diens is ooreenkomstig klousule 9, bereken word deur die totale besoldiging wat uit hoofde van klousule 9 aan hom betaalbaar is ten opsigte van die 12 maande onmiddellik voor die datum waarop die verlof hom toekom, deur 52 te deel of, indien hy minder as 12 maande aldus gewerk het, deur die totale besoldiging wat aldus vir sodanige dienstydsperk aan hom betaalbaar is, deur die getal voltooide weke in sodanige tydperk te deel.

(2) Die verlof by subklousule (1) voorgeskryf, moet verleen en geneem word, na gelang van die geval, op 'n tyd wat die werkgewer bepaal: Met dien verstande dat—

- (i) as sodanige verlof nie eerder verleen en geneem is nie, dit, behoudens subklousule (3), so verleen en geneem moet word dat dit binne drie maande begin na voltooiing van die 12 maande diens waarop dit betrekking het of, as die werkgewer en sy werknemer voor die verstryking van genoemde tydperk van drie maande skriftelik daartoe ooreengekom het, die werkgewer sodanige verlof aan die werknemer moet verleen en die werknemer dit moet neem met ingang van 'n datum uiterlik drie maande na die verstryking van genoemde tydperk van drie maande;
- (ii) die verloftydperk nie saamval nie met—
  - (aa) siekteverlof ingevolge klousule 7 of met afwesigheid van werk as gevolg van ongeskiktheid in die omstandighede in klousule 7 (5) (a) of (b) uiteengesit, van altesaam hoogstens 10 weke in een jaar, of, indien siekteverlof opgeloopt het ingevolge klousule 7 (3), van altesaam hoogstens 17 weke in 'n jaar;
  - (ab) enige tydperk van kennisgewing van diensbeëindiging ingevolge klousule 12; of
  - (ac) enige tydperk waartydens die werknemer militêre opleiding ondergaan of militêre diens doen ingevolge die Verdedigingswet, 1957;
- (iii) 'n werkgewer al die dae geleentheidsverlof wat op die skriftelike versoek van sy werknemer met volle betaling aan hom verleen is gedurende die tydperk van 12 maande diens waarop die verloftydperk betrekking het, van sodanige verloftydperk kan aftrek;
- (iv) wanneer 'n werkgewer van sy werknemer vereis om verlof te neem voor die verstryking van die 12 maande diens waarop dit betrekking het, die werkgewer aan sodanige werknemer die volle verloftydperk ooploopbaar vir 12 maande diens, moet toestaan, en, met behoorlike inagneming van die toeval van enige verhogings ingevolge klousule 3, sodanige werknemer ten opsigte van sodanige verlof 'n bedrag betaal van minstens dié waarop die werknemer geregtig sou gewees het op die datum waarop die verlof in gewone omstandighede sou toeval: Met dien verstande dat, indien 'n werknemer se diens eindig voor die

which the leave was granted in terms of this proviso, the employer may set off against any remuneration due to the employee at the termination of his employment, the difference between the amount paid to the employee in terms hereof and the amount to which he would have been entitled at the termination of his employment in terms of subclause (5), had the leave not been granted to him;

- (v) an employer may, at the written request of a general assistant, permit such employee not more often than once in every 24 consecutive months to forego the leave prescribed for him in subclause (6), and in lieu thereof the employer shall pay to the employee in respect of such leave the amount prescribed for such employee in the said subclause.

- (3) (a) At the written request of his employee, an employer may permit the leave to accumulate over a period of not more than 24 months of employment: Provided that—

(i) the request is made by such employee not later than three months after the expiration of the first period of 12 months of employment to which the leave relates; and

(ii) the date of the receipt of the request is endorsed on the request over his signature by the employer, who shall retain the request at least until after the expiration of the period of leave.

- (b) Subclause (2) (except proviso (v) thereof) shall apply *mutatis mutandis* to leave referred to in this subclause.

(4) The remuneration in respect of the leave prescribed in subclause (1), read with subclause (3), shall be paid not later than the last work-day before the date of commencement of the leave or, at the written request of an employee, not later than such employee's first pay-day after the expiration of the leave.

(5) An employee whose employment terminates during any period of 12 months of employment before the period of leave prescribed in subclause (1) in respect of that period has accrued, shall, upon such termination and in addition to any other remuneration which may be due to him, be paid in respect of each completed month of such period of employment an amount of not less than—

(a) in the case of an employee referred to in subclause (1) (a) if he normally works on not more than five days in a week, seven twentieths, and if he normally works a six-day week, seven twenty-fourths; and

(b) in the case of every other employee, one-fourth of the weekly wage he was receiving immediately before the date of such termination: Provided that—

Aandag word voorts daarop gevestig dat enige eienaar van onroerende eiendom in die gebied in die Bylae gemeld, wat so 'n eiendom van die hand wil sit, dit soos in artikel 15 (5) (a) van die gemelde Wet uiteengesit, aan die Gemeenskapsontwikkelingsraad te koop moet aanbied, wanneer die verdere bepalings van die gemelde paragraaf (a) op sodanige transaksies van toepassing sal wees.

#### BYLAE A

Begin by die noordelike baken van Erf 3209, Uitenhage; daarvandaan suidooswaarts in 'n reguit lyn tot by die oostelike hoek van genoemde Erf 3209; daarvandaan suidweswaarts langs die suidoostelike grense van Erwe 3209 en 3220 tot by die suidelike hoek van Erf 3220 en vandaar suidwaarts in 'n reguit lyn oor Bainsstraat tot by die noordelike hoek van Erf 5196; dan suidooswaarts tot by die oostelike hoek en suidweswaarts tot by die suidelike hoek van genoemde Erf 5196; daarvandaan noordweswaarts tot by die oostelike hoek van Erf 3216 en vandaar suidweswaarts in 'n reguit lyn tot by die suidelike hoek van Erf 3218 en vandaar suidwaarts in 'n reguit lyn oor Kannonstraat tot by die noordelike hoek van Erf 3239 en dan suidweswaarts tot by die westelike hoek van Erf 3239 en dan suidooswaarts in 'n reguit lyn tot by die oostelike hoek van Erf 3241 en dan suidweswaarts tot by die suidelike hoek van Erf 3243; daarvandaan suidwaarts in 'n reguit lyn oor Crossstraat tot by die noordelike hoek van Erf 3268 en vandaar suidooswaarts tot by die oostelike hoek van genoemde Erf 3268; dan suidweswaarts in 'n reguit lyn tot by die noordelike hoek van Erf 3293 en suidooswaarts tot by die oostelike hoek van genoemde Erf 3293; daarvandaan suidweswaarts in 'n reguit lyn tot by die suidelike hoek van Erf 3291 en dan suidooswaarts in 'n reguit lyn oor Vredestraat tot by die noordelike hoek van Erf 3287 en suidooswaarts tot by die oostelike hoek van Erf 3287; daarvandaan suidweswaarts in 'n reguit lyn langs die suidoostelike grense van Erwe 3287, 8907 en 3386 tot by die suidelike hoek van Erf 3386; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting langs die sye van Erf 3386 en 3385 tot by die baken geletter D op die kaart van Erf 3385; daarvandaan oor Vredestraat tot by die suidelike hoek van Erf 3384; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting langs die sye van Erwe 3384, 3383, 3382 en 3381 tot by die suidwestelike hoek van Erf 3381; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting oor Crossstraat tot by die suidelike hoek van Erf 3186 en dan langs die sye van Erwe 3186 en 3185 tot by die baken geletter D op die kaart van Erf 3185; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting oor Bainsstraat tot by die suidelike hoek van Erf 3184; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting langs Erf 3184 se grens tot by die baken geletter D op die kaart van Erf 3184; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting oor Lower Bainsstraat

Street to the south-western beacon of Erf 3193; hence along the boundary of Erf 3193; in a north-western direction to the southernmost beacon of Erf 3180; thence in a north-western direction along the south-western boundary of Erf 3180 to the western beacon of Erf 3180; thence in a western direction to the south-western beacon of Erf 3179; thence northernwards and eastwards along the boundaries of said Erf 3179 to the north-eastern beacon of Erf 3170; thence across Middle Street to the northern beacon of Erf 3201; thence in a north-eastern direction along the north-western boundaries of Erven 3236, 3212, 3219, 3205, 3220 and 3209 to the northern beacon of Erf 3209 which is the beacon first named.

No. 2564

12 December 1980

**RESTRICTIONS ON THE SUBDIVISION OF LAND OR THE ERECTION, ALTERNATION OR USE OF BUILDINGS OR STRUCTURES IN FURTHERANCE OF A SLUM CLEARANCE AND URBAN RENEWAL SCHEME IN NIGEL, DISTRICT OF NIGEL, PROVINCE OF THE TRANSVAAL**

It is hereby notified for general information that the Community Development Board established in terms of section 2 (1) of the Community Development Act, 1966 (Act 3 of 1966), has with a view to the furtherance of slum clearance and an urban renewal scheme, in terms of the provisions of section 15 (2) (e) of the aforesaid Act, prohibited the subdivision, except with the prior written approval of the said Board, of the properties described in the Schedule attached hereto or the erection or alteration, except with such approval, of any building or structure, or the use, except with such approval, of any existing building or structure on those properties for a purpose other than the purpose for which such building or structure was being used on publication of this notice for a period of 10 years.

Attention is also invited to the fact that any owner of immovable property referred to in the said Schedule, who wishes to dispose of such property should, as has been laid down in section 15 (5) (a) of the said Act, offer such property for sale to the said Board, when the further provisions of the said paragraph (a) are applicable to such transactions.

**1. The following erven in the Township of Nigel:**

Property	Area	General Plan SG
Lot 182.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 183.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 184.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 185.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 186.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 187.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 188.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 189.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 190.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 191.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 192.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 193.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 296.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 297.....	991 m <sup>2</sup>	A672/21
Lot 298.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 299.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 300.....	1 151 m <sup>2</sup>	Diagram SG A1492/80
Portion 1 of Lot 300.....	30 m <sup>2</sup>	Diagram SG A1493/80
Lot 301.....	295 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 302.....	595 m <sup>2</sup>	A672/12

tot by die suidwestelike hoek van Erf 3193; daarvan dan lang die sy van Erf 3193 in 'n noordwestelike rigting tot by die suidelike hoek van Erf 3180; daarvan dan in 'n noordwestelike rigting langs die suidwestelike sy van Erf 3180 tot by die westelike hoek van Erf 3180 daarvan dan in 'n westelike rigting tot by die suidwestelike hoek van Erf 3179; daarvan dan in 'n noordelike en oostelike rigting langs die sye van genoemde Erf 3179 tot by die noordoostelike hoek van Erf 3179; daarvan dan oor Middlestraat tot by die noordelike hoek van Erf 3201; daarvan dan in 'n noordoostelike rigting langs die noordwestelike sye van Erve 3236, 3212, 3205, 3219, 3220 en 3209 tot by die noordelike hoek van Erf 3209 wat die beginpunt is.

No. 2564

12 Desember 1980

**BEPERKINGS OP DIE ONDERVERDELING VAN GROND OF DIE OPRIGTING, VERANDERING EN GEBRUIK VAN GEBOUE TER BEVORDERING VAN SLUMOPRUIMING EN 'N STADSHERNUWINGSKEMA TE NIGEL, DISTRIK NIGEL, PROVINSIE TRANSVAAL**

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Gemeenskapsontwikkelingsraad ingestel kragtens artikel 2 (1) van die Wet op Gemeenskapsontwikkeling, 1966 (Wet 3 van 1966), met die oog op die bevordering van slumopruiming en 'n stadshernuwingskema kragtens die bepalings van artikel 15 (2) (e) van die gemelde Wet, die onderverdeling, behalwe met die voorafgaande skriftelike goedkeuring van die gemelde Raad van die persele soos beskryf in die Bylae hierby aangeheg of die oprigting of verandering, behalwe met sodanige goedkeuring, van 'n gebou of bouwerk of die gebruik, behalwe met sodanige goedkeuring van 'n bestaande gebou of bouwerk op daardie persele vir 'n ander doel as die doel waarvoor so 'n gebou of bouwerk op datum van publikasie van hierdie kennisgewing te di'n effekte gebruik word vir 'n tydperk van 10 jaar te verbied.

Aandag word voorts daarop gevestig dat enige eienaar van onroerende eiendom in die Bylae gemeld, wat so 'n eiendom van die hand wil sit, dit soos in artikel 15 (5) (a) van die gemelde Wet uiteengesit, aan die Gemeenskapsontwikkelingsraad te koop moet aanbied, wanneer die verdere bepalings van die gemelde paragraaf (a) op sodanige transaksies van toepassing sal wees.

**1. Die volgende erwe in die dorp Nigel:**

Eiendom	Grootte	Algemene Plan LG
Lot 182.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 183.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 184.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 185.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 186.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 187.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 188.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 189.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 190.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 191.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 192.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 193.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 296.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 297.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 298.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 299.....	991 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 300.....	1 151 m <sup>2</sup>	Kaart LG A1492/80
Gedeelte 1 van Lot 300.....	30 m <sup>2</sup>	Kaart LG A1493/80
Lot 301.....	295 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 302.....	595 m <sup>2</sup>	A672/12

Property	Area	General plan SG	Eiendom	Grootte	Algemene Plan LG
Remaining extent of Lot 303.....	1 375 m <sup>2</sup>	Diagram SG A1205/35	Resterende gedeelte van Lot 303.....	1 375 m <sup>2</sup>	Kaart LG A1205/35
Portion 1 of Lot 303.....	45 m <sup>2</sup>	Diagram SG A1207/35	Gedeelte 1 van Lot 303.....	45 m <sup>2</sup>	Kaart LG A1207/35
Remaining extent of Lot 304.....	461 m <sup>2</sup>	Diagram SG A1206/35	Resterende gedeelte van Lot 304....	461 m <sup>2</sup>	Kaart LG A1206/35
Portion 1 of Lot 304.....	5 058 m <sup>2</sup>	Diagram SG A1208/35	Gedeelte 1 van Lot 304.....	5 058 m <sup>2</sup>	Kaart LG A1208/35
Lot 305.....	1 586 m <sup>2</sup>	A672/12	Lot 305.....	1 586 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 306.....	1 586 m <sup>2</sup>	A672/12	Lot 306.....	1 586 m <sup>2</sup>	A672/12
Lot 307.....	1 586 m <sup>2</sup>	A672/12	Lot 307.....	1 586 m <sup>2</sup>	A672/12
Remaining extent of Lot 308.....	1 403 m <sup>2</sup>	Diagram SG A6777/50	Resterende gedeelte van Lot 308....	1 403 m <sup>2</sup>	Kaart LG A6777/50
Lot 322.....	4 502 m <sup>2</sup>	Diagram SG 691/99	Lot 322.....	4 502 m <sup>2</sup>	Kaart LG 691/99
Portion 1 of Lot 322.....	2 201 m <sup>2</sup>	Diagram SG A1495/80	Gedeelte 1 van Lot 322.....	2 201 m <sup>2</sup>	Kaart LG A1495/80
Remaining extent of Lot 1469.....	1 258 m <sup>2</sup>	Diagram SG A5490/44	Resterende gedeelte van Lot 1469...	1 258 m <sup>2</sup>	Kaart LG A5490/44
Portion 1 of Lot 1469.....	579 m <sup>2</sup>	Diagram SG A1287/45	Gedeelte 1 van Lot 1469.....	579 m <sup>2</sup>	Kaart LG A1287/45
Lot 1532.....	4 214 m <sup>2</sup>	Diagram SG A1496/80	Lot 1532.....	4 214 m <sup>2</sup>	Kaart LG A1496/80

## 2. The following erven in the Township of Mackenzieville.

## 2. Die volgende erwe in die dorp Mackenzieville:

Property	Area	General plan SG	Eiendom	Grootte	Algemene Plan LG
Erf 1.....	619 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 1.....	619 m <sup>2</sup>	A5318/46
Remaining extent of Erf 2.....	251 m <sup>2</sup>	Diagram SG A2869/62	Resterende gedeelte van Erf 2.....	251 m <sup>2</sup>	Kaart LG A2869/62
Portion 1 of Erf 2.....	251 m <sup>2</sup>	Diagram SG A2152/62	Gedeelte 1 van Erf 2.....	251 m <sup>2</sup>	Kaart LG A2152/62
Erf 3.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 3.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 4.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 4.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 5.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 5.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 6.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 6.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 7.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 7.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 8.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 8.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 9.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 9.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 10.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 10.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 11.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 11.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 12.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 12.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 13.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 13.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 14.....	532 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 14.....	523 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 15.....	523 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 15.....	523 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 16.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 16.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 17.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 17.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 18.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 18.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 19.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 19.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 20.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 20.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 21.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 21.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 22.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 22.....	545 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 23.....	544 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 23.....	544 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 24.....	820 m <sup>2</sup>	A5318/46	Erf 24.....	820 m <sup>2</sup>	A5318/46
Erf 131.....	870 m <sup>2</sup>	Diagram SG A2150/62	Erf 131.....	870 m <sup>2</sup>	Kaart LG A2150/62
Erf 132.....	796 m <sup>2</sup>	Diagram SG A2151/62	Erf 132.....	796 m <sup>2</sup>	Kaart LG A2151/62

## 3. The following erven in the Township of Glenvalloch:

## 3. Die volgende erwe in die dorp Glenvalloch:

Property	Area	General plan SG	Eiendom	Grootte	Algemene Plan LG
Erf 1.....	517 m <sup>2</sup>	A2228/35	Erf 1.....	517 m <sup>2</sup>	A2228/35
Erf 2.....	569 m <sup>2</sup>	A2228/35	Erf 2.....	569 m <sup>2</sup>	A2228/35
Erf 3.....	536 m <sup>2</sup>	A2228/35	Erf 3.....	536 m <sup>2</sup>	A2228/35
Erf 4.....	545 m <sup>2</sup>	A2228/35	Erf 4.....	545 m <sup>2</sup>	A2228/35
Erf 5.....	473 m <sup>2</sup>	A2228/35	Erf 5.....	473 m <sup>2</sup>	A2228/35
Erf 6.....	587 m <sup>2</sup>	A2228/35	Erf 6.....	587 m <sup>2</sup>	A2228/35
Erf 83.....	426 m <sup>2</sup>	A2228/35	Erf 83.....	426 m <sup>2</sup>	A2228/35

## 4. The following portions of the farm Varkensfontein 169 IR:

## 4. Die volgende gedeeltes van die plaas Varkensfontein 169 IR :

Property	Area	Diagram SG	Eiendom	Grootte	Kaart LG
Remainder of Portion 2.....	712 m <sup>2</sup>	A333/30	Restant van Gedeelte 2.....	712 m <sup>2</sup>	A333/30
Portion 4 (a portion of Portion 2)....	7 m <sup>2</sup>	A1249/32	Gedeelte 4 ('n gedeelte van Gedeelte 2)	7 m <sup>2</sup>	A1249/32

## 5. The following portion of the farm Noycedale 191 IR:

Portion 3 (a portion of Portion 2) in extent 58 m<sup>2</sup> *vide* Diagram SG A1248/32.

The portion of the remainder of Portion 2 lettered ChjC on Diagram 616/1889 Transfer No. 3679/1889.

## 6. The following portions of the farm Bultfontein 192 IR:

Property	Area	Diagram SG
Remainder of Portion 10.....	8 494 m <sup>2</sup>	A1250/17
Portion 11 (a portion of Portion 2)..	1 799 m <sup>2</sup>	A1251/17
Portion 16 (a portion of Portion 9)...	371 m <sup>2</sup>	A505/27
Portion 18 (a portion of Portion 10)..	778 m <sup>2</sup>	A1247/32
Portion 37 (a portion of Portion 10)..	1 291 m <sup>2</sup>	A2989/38
Portion 73 (a portion of Portion 10)	9 833 m <sup>2</sup>	A465/66
Portion 74 (a portion of Portion 10)	5 225 m <sup>2</sup>	A466/66
Portion 79 (a portion of Portion 9)...	1092 m <sup>2</sup>	A7891/70

## 7. The following Stands Outside Township on the farms Noycedale 191 IR and Bultfontein 192 IR:

Property	Area	Diagram SG
Remainder of Stand 10.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Remainder of Stand 11.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Remainder of Stand 12.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Remainder of Stand 13.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Stand 125.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Stand 126.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Stand 127.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Stand 128.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Stand 26.....	700 m <sup>2</sup>	B477/10
Stand 27.....	700 m <sup>2</sup>	B477/10
Stand 28.....	372 m <sup>2</sup>	B45/15
Stand 29.....	372 m <sup>2</sup>	B286/10

## DEPARTMENT OF INDUSTRIES, COMMERCE AND TOURISM

No. 2537 12 December 1980

## APPOINTMENT OF A MEMBER OF THE LIQUOR BOARD

The State President has been pleased to appoint, in terms of section 4 (1) (c) of the Liquor Act, 1977 (Act 87 of 1977), Mr Daniël Hermanus Johannes Carinus as a member of the Liquor Board until 17 December 1981.

## DEPARTMENT OF INTERNAL AFFAIRS

No. 2548 12 December 1980

## ALIENS ACT, 1937

## CHANGE OF SURNAME.—CLOETE TO GREGORY

The State President has been pleased, under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Carol Cloete, residing at 3 Cressy Street, Kensington, Johannesburg, to assume the surname of Gregory.

## 5. Die volgende gedeeltes van die plaas Noycedale 191 IR:

Gedeelte 3 ('n gedeelte van Gedeelte 2) grootte 58 m<sup>2</sup> volgens Kaart LG A 1248/32.

Die gedeelte van die restant van Gedeelte 2 geletter ChjC op Kaart 616/1889, Transport No. 3679/1889.

## 6. Die volgende gedeeltes van die plaas Bultfontein 192 IR:

Eiendom	Grootte	Kaart LG
Restant van Gedeelte 10.....	8 494 m <sup>2</sup>	A1250/17
Gedeelte 11 ('n gedeelte van Gedeelte 2)	1 799 m <sup>2</sup>	A1251/17
Gedeelte 16 ('n gedeelte van Gedeelte 9)	371 m <sup>2</sup>	A505/27
Gedeelte 18 ('n gedeelte van Gedeelte 10)	778 m <sup>2</sup>	A1247/32
Gedeelte 37 ('n gedeelte van Gedeelte 10)	1 291 m <sup>2</sup>	A2989/38
Gedeelte 73 ('n gedeelte van Gedeelte 10)	9 833 m <sup>2</sup>	A465/66
Gedeelte 74 ('n gedeelte van Gedeelte 10)	5 225 m <sup>2</sup>	A466/66
Gedeelte 79 ('n gedeelte van Gedeelte 9)	1 092 m <sup>2</sup>	A7891/70

## 7. Die volgende "Stands Outside Township" op die plaas Noycedale 191 IR en Bultfontein 192 IR:

Eiendom	Grootte	Kaart LG
Restant van Standplaas 10.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Restant van Standplaas 11.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Restant van Standplaas 12.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Restant van Standplaas 13.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Standplaas 125.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Standplaas 126.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Standplaas 127.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Standplaas 128.....	1 472 m <sup>2</sup>	B276/10
Standplaas 26.....	700 m <sup>2</sup>	B477/10
Standplaas 27.....	700 m <sup>2</sup>	B477/10
Standplaas 28.....	372 m <sup>2</sup>	B45/15
Standplaas 29.....	372 m <sup>2</sup>	B286/10

## DEPARTEMENT VAN NYWERHEIDSWESE, HANDEL EN TOERISME

No. 2537 12 Desember 1980

## AANSTELLING VAN 'N LID VAN DIE DRANKRAAD

Dit het die Staatspresident behaag of kragtens artikel 4 (1) (c) van die Drankwet, 1977 (Wet 87 van 1977), die heer Daniël Hermanus Johannes Carinus tot 17 Desember 1981, as 'n lid van die Drankraad aan te stel.

## DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE AANGELEENTHEDE

No. 2548 12 Desember 1980

## WET OP VREEMDELINGE, 1937

## VANSVERANDERING.—CLOETE IN GREGORY

Dit het die Staatspresident behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Carol Cloete, woonagtig te Cressystraat 3, Kensington, Johannesburg, te magtig om die van Gregory aan te neem.

**No. 2556** 12 December 1980  
**UNDESIRABLE PERIODIC PUBLICATIONS OR OBJECTS**

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, which decided in terms of section 11 (2) of the said Act that the undermentioned publications or objects is/are undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act, has in terms of section 9 (1) of the said Act declared every subsequent edition of the said publications or objects to be so undesirable:

**No. 2556** 12 Desember 1980  
**ONGEWENSTE PERIODIEKE PUBLIKASIES OF VOORWERPE**

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, wat kragtens artikel 11 (2) van genoemde Wet beslis het dat ondergenoemde publikasies of voorwerpe ongewens is binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet, het kragtens artikel 9 (1) van genoemde Wet elke latere uitgawe van genoemde publikasies of voorwerpe aldus ongewens verklaar:

Entry No. Inskrywing No.	Publication or object Publikasie of voorwerp	Author or producer Skrywer of voortbringer	Section 47 (2) Artikel 47 (2)
P80/11/166.....	<i>Journal of Sex, The</i> —Vol 2, No 5.....	Gold Star Publications Ltd, Surrey.....	(a)
P80/11/167.....	<i>Rustler</i> —Vol 1, No 11.....	Jongrange Publications Ltd, Great Britain.....	(a)
P80/11/189.....	<i>Knave</i> —Vol 10, No 7.....	Fontessa Publications Ltd, London.....	(a)
P80/11/190.....	<i>Penthouse: Loving Couples</i> —No 2, Summer 1978	Penthouse Ltd, New York.....	(a)

**No. 2559** 12 December 1980  
**SETTING ASIDE OF DECLARATION THAT PUBLICATION(S) IS/ARE UNDESIRABLE**

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, decided under section 15 (2) of the said Act on review that the undermentioned publication is not undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act. The undermentioned entry in respect of the publication is hereby deleted:

**No. 2559** 12 Desember 1980  
**TERSYDESTELLING VAN VERKLARING DAT PUBLIKASIE(S) ONGEWENS IS**

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, het kragtens artikel 15 (2) van genoemde Wet op hersiening beslis dat die ondergenoemde publikasie nie binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet ongewens is nie. Die ondergenoemde inskrywing ten opsigte van die publikasie word hierby geskrap:

Entry No. Inskrywing No.	Publication Publikasie	Author or producer Skrywer of voortbringer	Entry deleted Inskrywing geskrap
P80/11/25.....	<i>Love's Tender Fury</i> .....	Jennifer Wilde.....	In G.G./SK. 5107, G.N./ GK. 783 of/van 7/5/76.

**No. 2558** 12 December 1980  
**REJECTION OF FILM**

The Publications Appeal Board under section 24 of the Publications Act, 1974—

- (a) decided that the undermentioned film is undesirable within the meaning of section 47 (2) (a) of the said Act;
- (b) rejected the film; and
- (c) set aside the conditional approval of the film by a committee referred to in section 4 of the said Act:

**No. 2558** 12 Desember 1980  
**AFKEURING VAN ROLPRENT**

Die Appèlraad oor Publikasies het kragtens artikel 24 van die Wet op Publikasies, 1974—

- (a) beslis dat die ondergenoemde rolprent binne die bedoeling van artikel 47 (2) (a) van genoemde Wet ongewens is;
- (b) die rolprent afgekeur; en
- (c) die voorwaardelike goedkeuring van die rolprent deur 'n komitee bedoel in artikel 4 van genoemde Wet, ter syde gestel:

Entry No. Inskrywing No.	Film Rolprent	Representer Vertoëmaker
R80/10/18.....	<i>Carry</i> .....	Ster-Kinekor (Pty) Ltd/(Edms.) Bpk.

No. 2555 12 December 1980  
**UNDESIRABLE PUBLICATIONS OR OBJECTS**

A committee referred to in section 4 of the Publications Act, 1974, decided under section 11 (2) of the said Act that the undermentioned publications or objects are undesirable within the meaning of section 47 (2) of the said Act:

No. 2555 12 Desember 1980  
**ONGEWENSTE PUBLIKASIES OF VOORWERPE**

'n Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op Publikasies, 1974, het kragtens artikel 11 (2) van genoemde Wet beslis dat die ondergenoemde publikasies of voorwerpe ongewens is binne die bedoeling van artikel 47 (2) van genoemde Wet:

LIST/LYS P80/67

Entry No. Inskrywing No.	Publication or object Publikasie of voorwerp	Author or producer Skrywer of voortbringer	Section 47 (2) Artikel 47 (2)
P80/9/113.....	<i>Heroes of Cassino</i> .....	Kurt Eckhardt.....	(a)
P80/11/153.....	<i>Wings of Love</i> (Mounted Poster/Gemonteerde Plakkaat)	S. Pearson.....	(a)
P80/11/166.....	<i>Journal of Sex, The</i> —Vol 2, No 5; Vol 2, No 11; Vol 3, No 2	Gold Star Publications Ltd, Surrey.....	(a)
P80/11/167.....	<i>Rustler</i> —Vol 1, No 11; Vol 3, No 3; Vol 3, No 6; Vol 3, No 9; Vol 3, No 10	Jongrange Publications Ltd, Great Britain.....	(a)
P80/11/189.....	<i>Knave</i> —Vol 10, No 7.....	Fontessa Publications Ltd, London.....	(a)
P80/11/190.....	<i>Penthouse: Loving Couples</i> —No 2, Summer 1978	Penthouse Ltd, New York.....	(a)
P80/11/199.....	<i>International Herb</i> —VIR (E) 3015: Side one: (FL 1047A) + Side two: (FL 1047B) (Grammophone Record/Grammofoonplaat)	Culture.....	(a)
P80/11/200.....	<i>Dread in a Babylon</i> —VIR (E) 3001: Side one: V 208 A + Side two: V 208 B (Grammophone Record/Grammofoonplaat)	U-Roy.....	(a)
P80/11/210.....	<i>Katz International Corporation</i> —1981 (Calendar/Kalender)	Made in Taiwan on disposable box.....	(a)
P80/10/8.....	<i>Ninja, The</i> .....	Eric van Lustbader.....	(a)
P80/11/26.....	<i>Love and Dreams</i> .....	Nancy Bacon.....	(a)
P80/11/27.....	<i>Elect, The</i> .....	Gerald Suster.....	(a)
P80/11/100.....	<i>Storm's Howling through Tiflis, The</i> (The Warp 1)	Neil Oram.....	(a)+(b)
P80/11/146.....	<i>Elise</i> .....	Sara Reavin.....	(a)
P80/11/147.....	<i>Ladies in Waiting</i> .....	Gwen Davis.....	(a)

University of Port Harcourt  
 Together in Excellence

No. 2557 12 December 1980  
**PUBLICATIONS ACT, 1974**

**FILM**

The Publications Appeal Board under section 24 of the Publications Act, 1974, varied the conditional approval of the undermentioned film by a committee referred to in section 4 of the said Act stipulating—

- (a) that the said film shall not be exhibited to children in the age group of two to 10 years unless they are accompanied by persons who are 18 years of age or older;
- (b) that a certain excision be made; and
- (c) that the title be changed to "Tracy & Friend":

No. 2557 12 Desember 1980  
**WET OP PUBLIKASIES, 1974**

**ROLPRENT**

Die Appèlraad oor Publikasies het kragtens artikel 24 van die Wet op Publikasies, 1974, die voorwaardelike goedkeuring van die ondergenoemde rolprent deur 'n komitee bedoel in artikel 4 van genoemde Wet gewysig deur te bepaal—

- (a) dat die ondergenoemde rolprent nie aan kinders in die ouderdomsgroep van twee tot 10 jaar vertoon mag word tensy hulle deur 'n persoon van 18 jaar en ouer vergesel word nie;
- (b) dat 'n sekere weglating aangebring moet word; en
- (c) dat die titel na "Tracy & Friend" verander sal word:

Entry No. Inskrywing No.	Film and Trailer Rolprent en Lokprent	Representer Vertoëmaker
R80/9/44.....	<i>Tracy &amp; Friend</i> .....	CIC-Warner (Pty) Ltd/(Edms.) Bpk.

DEPARTMENT OF FINANCE

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 2561

12 December 1980

No. 2561

12 Desember 1980

Statement of Receipts into and Transfers from the Exchequer Account for the period 1 April 1980 to 30 November 1980.

Staat van Ontvangste in en Oordragte uit die Skatkisrekening vir die tydperk 1 April 1980 tot 30 November 1980.

Treasury, Pretoria.

Tesourie, Pretoria.

RECEIPTS—ONTVANGSTE

Head of Revenue	Inkomstehoof	Month of November Maand November		Total 1 April to 30 November Totaal 1 April tot 30 November	
		1980	1979	1980	1979
Exchequer Balance, 31 March 1980	Skatkissaldo, 31 Maart 1980	R	R	R	R
Exchequer Balance, 31 October 1980	Skatkissaldo, 31 Oktober 1980	128 589 578	—	248 593 278	—
<i>State Revenue Account</i>					
Customs and Excise	Doane en Akays	155 171 712	146 234 581	851 650 049	752 949 089
Inland Revenue	Binnelandse Inkomste	1 187 006 959	611 350 491	7 436 902 833	5 072 515 440
		1 342 178 671	757 585 072	8 288 552 882	5 825 464 529
State Oil Fund	Staatsoliefonds	26 470 169	23 288 599	183 001 216	171 488 903
National Road Fund	Nasionale Padfonds	13 559 298	12 284 232	92 811 551	83 768 118
South African Development Trust Fund	Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrustfonds	—	3 068 000	10 126 552	7 955 056
Account for Black Transport Services	Rekening vir Swart Vervoerdienste	1 008 118	1 122 275	9 413 427	7 516 359
Sorghum Beer Research Fund	Fonds vir Sorghumbiervorsing	—	—	950 006	914 763
S.W.A. Territorial Revenue Fund—Sales Duty	S.W.A. Gebiedsinkomstefonds—Verkoopreg	9 614	1 1350	16 834	39 119
		1383 225 870	797 359 528	8 584 872 468	6 099 146 847
<i>Other Receipts</i>					
Treasury Bills: Internal	Skatkisblyfjette: Binnelands	633 714 000	—	5 736 392 000	—
Internal Stock, Bonds and Loans Raised	Binnelandsse Effekte, Obligasies en Lenings Opname				
7 Per Cent Treasury Bonds	7 Persent Tesourie-obligasies	10 149 300	—	106 361 400	—
8 Per Cent National Defence Bonds	8 Persent Nasionale Verdedigings-obligasies	2 795 050	—	27 110 675	—
Defence Bonus Bonds	Verdedigingsbonus-obligasies	16 128 222	—	169 660 777	—
8 Per Cent Treasury Bonds	8 Persent Tesourie-obligasies	—	—	Dr 1 000	—
Internal Registered Stock	Binnelandsse Geregistreerde Effekte				
9,25 Per Cent, 2004	9,25 Persent, 2004	—	—	160 633 900	—
9,25 Per Cent, 2002	9,25 Persent, 2002	—	—	225 943 100	—
5 Per Cent, 1983	5 Persent, 1983	—	—	403 793 200	—
5,15 Per Cent, 1981	5,15 Persent, 1981	—	—	752 549 200	—
9,80 Per Cent, 2001	9,80 Persent, 2001	—	—	303 918 200	—
10,35 Per Cent, 2001	10,35 Persent, 2001	—	—	74 488 500	—
11 Per Cent, 1998	11 Persent, 1998	81 901 000	—	81 901 000	—
Foreign Loans and Credits Raised	Buitelandse Lenings en Kredite Opname				
8 Per Cent, 1981/86	8 Persent, 1981/86	—	—	1 600 133	—
1979/84	1979/84	—	—	152 932	—
9 Per Cent, 1980/87	9 Persent, 1980/87	—	—	52 342 319	—
1977/84	1977/84	2 988 775	—	3 988 775	—
Surrenders, State Revenue Account, 1979/80	Terugstortings, Staatsinkomsterekening, 1979/80	—	—	44 115 483	—
Surrenders, Statutory Amounts, 1979/80	Terugstortings, Statutêre Bedrag, 1979/80	—	—	2 080 589	—
		R 2 130 902 217	—	16 730 903 651	—
Total (including Opening Balance)	Totaal (inklusende Aanvangsaldio)	R 2 259 491 795	—	16 979 496 929	—

ISSUES—UITBETALINGS

Service	Dienste	Estimates Begroting 1980/81	Month of November Maand November		Total 1 April to 30 November Totaal 1 April tot 30 November	
			1980	1979	1980	1979
<i>State Revenue Account</i>						
1. State President	Staatspresident	427 000	38 000	35 000	285 000	280 000
Statutory Amount	Statutêre Bedrag	50 000	4 166	4 082	33 336	30 587
2. Parliament	Parlement	3 262 000	156 000	138 000	2 547 000	2 332 000
Statutory Amount	Statutêre Bedrag	3 837 000	368 000	317 000	3 015 000	2 506 000
3. Prime Minister	Eerste Minister	4 799 466	309 000	50 000	2 470 000	340 000
4. Defence	Verdediging	1 890 000 000	155 000 000	165 000 000	1 494 000 000	1 187 000 000
5. Manpower Utilisation	Mannekrachtbenutting	29 148 200	2 535 000	1 260 000	23 719 000	18 680 000
6. Co-operation and Development	Samewerking en Ontwikkeling	676 823 000	85 000 000	51 636 000	138 246 200	260 059 500
Statutory Amount	Statutêre Bedrag	204 065 000	—	11 581 670	204 065 000	191 696 000
7. Agriculture and Fisheries	Landbou en Visserye	431 037 000	23 000 000	26 300 000	298 400 000	194 000 000
8. Commerce and Consumer Affairs	Handel en Verbruikersake	156 840 000	10 000 000	16 500 000	104 000 000	90 393 000
9. Industries	Nywerheidsweese	187 555 500	13 200 000	5 400 000	153 700 000	280 400 000
10. Finance	Finansies	3 088 513 000	314 700 000	256 737 000	2 122 415 600	1 760 838 000
Statutory Amount	Statutêre Bedrag	1 514 772 000	198 487 215	237 209 215	1 142 917 094	1 085 450 204
11. Audit	Oudit	5 400 000	450 000	490 000	3 888 000	3 230 000
12. Transport	Vervoer	234 381 500	18 000 000	17 500 000	160 000 000	109 000 000
13. Community Development	Gemeenskapshou	461 558 150	51 300 000	31 500 000	331 700 000	225 500 000
14. Coloured Relations	Kleurlingbetrekkinge	401 617 000	38 500 000	11 800 000	283 950 000	218 880 000
15. Indian Affairs	Indiërsake	147 921 000	15 500 000	11 248 000	106 600 000	79 228 000
16. Justice	Justisie	49 813 896	4 500 000	4 500 000	36 765 000	34 907 000
Statutory Amount	Statutêre Bedrag	3 043 000	310 000	200 000	2 330 000	1 990 000
17. Interior	Binnelandse Sake	19 620 000	1 900 000	1 400 000	10 664 000	9 653 000
18. Commission for Administration	Kommissie vir Administrasie	17 400 000	350 000	300 000	15 810 000	16 580 000
19. Government Printing Works	Staatsdrukkery	1 000	—	—	—	4 800 000
20. Water Affairs, Forestry and Environmental Conservation	Waterweese, Bosbou en Omgewingsbe- waring	267 593 000	27 164 000	21 470 000	186 104 000	158 873 000
21. Foreign Affairs and Information	Buitelandse Sake en Inligting	234 811 000	14 500 000	4 950 000	117 516 000	36 550 000
Statutory Amount	Statutêre Bedrag	60 160 000	9 578 000	11 267 900	43 345 000	90 140 600
22. Mineral and Energy Affairs	Mineraal en Energiesake	431 085 330	133 100 000	22 615 000	325 000 000	182 970 000
23. Police	Polisie	309 765 000	39 000 000	32 000 000	240 500 000	167 500 000
24. Prisons	Gevangenis	110 618 000	11 000 000	11 300 000	88 000 000	67 300 000
25. National Education	Nasionale Opvoeding	407 404 000	43 800 000	32 000 000	330 193 000	281 770 000
26. Public Works	Openbare Werke	390 495 000	33 750 000	31 300 000	273 500 000	223 250 000
27. Statistics	Statistiek	21 487 000	1 500 000	700 000	17 400 000	5 350 000
28. Tourism	Toerisme	8 434 000	715 000	600 000	5 623 000	4 920 000
29. Education and Training	Onderwys en Opleiding	244 153 000	25 000 000	16 000 000	172 000 000	112 000 000
30. Health, Welfare and Pensions	Gesondheid, Welwys en Pensioene	769 875 000	75 000 000	81 000 000	561 700 000	465 500 000
Statutory Amount	Statutêre Bedrag	150 000	—	—	104 000	90 000
31. Improvement of Conditions of Service	Verbetering van Diensvoorwaardes	432 000 000	—	—	—	—
Statutory Amount	Statutêre Bedrag	2 002 000	—	—	—	—
		R 13 141 917 236	1 343 714 181	1 116 268 867	9 206 505 230	7 567 986 891

Service	Dienste	Estimates Begroting 1980/81	Month of November Maand November		Total 1 April to 30 November Totaal 1 April tot 30 November	
			1980	1979	1980	1979
State Oil Fund	Staatsoliefonds (a)	R 270 000 000	26 470 169	23 288 599	183 001 216	171 488 903
National Road Fund	Nasionale Padfonds (b)	133 000 000	13 599 298	12 284 232	92 811 551	85 768 119
South African Development Trust Fund	Suid-Afrikaanse Ontwikkelingstrust-fonds (c)	6 454 000	—	3 068 000	10 126 552	7 955 056
Account for Black Transport Services	Rekening vir Swart Vervoerdienste (e)	12 500 000	1 008 118	1 122 275	9 413 427	7 516 359
Sorghum Beer Research Fund	Fonds vir Sorghumbiernavorsing (e)	850 000	—	—	950 006	914 763
SWA Territorial Revenue Fund—Sales Duty	SWA Gebiedsinkomstefonds — Verkoopreg (f)	13 000	9 614	11 350	16 834	39 118
		R	422 817 000	39 774 456	296 319 586	273 682 318
		R	13 564 734 236	1 184 761 580	9 502 824 816	7 841 669 209
<b>Other Issues</b>	<b>Ander Uitbetalings</b>					
Treasury Bills repaid: Internal	Terugbetaling van Staatkrediet: Bin-nelands	—	706 168 000	—	5 356 784 000	—
Tax Redemption Certificates repaid	Belastingdelingsertifikaat gedelg	—	—	—	86	—
Loan Levy 1966/80 repaid	Leningsheffing 1966/80 gedelg	—	658 100	—	5 367 360	—
Sinking Fund Advances	Delingsfondsvoorskotte	—	1 694 495	—	18 167 579	—
Transfer to Central Revenue Fund—SWA	Oordrag na Sentrale Inkomstefonds—SWA	—	3 250 000	—	26 000 000	—
Payment of Balance on SWA Account	Oorbetalings van Saldo op SWA Reke-nings	—	—	—	5 042 223	—
Valuation Adjustment I.M.F.	Valuta Aanpassing I.M.F.	—	—	—	18 478 003	—
Transfer to Stabilisation Account	Oordrag na Stabilisasierekening	—	38 110 000	—	750 000 000	—
Internal Stock, Bonds and Loans Redeemed:	Binnelandse Effekte, Obligasies en Lenings Gedelg:					
Five Year Non-Resident Bonds	Vyfjaar-obligasies vir Nie-inwoners	—	162 000	—	1 327 000	—
8 Per Cent Treasury Bonds	8 Per Cent Tesourie-obligasies	—	1 423 400	—	10 312 800	—
Premium Bonds	Premie-obligasies	—	133 980	—	39 161 100	—
Second Series Premium Bonds	Tweede Reeks Premie-obligasies	—	81 900	—	18 055 500	—
National Defence Bonds	Nasionale Verdedigingsobligasies	—	5 358 800	—	7 239 950	—
Second Series National Defence Bonds	Tweede Reeks Nasionale Verdedigingsobligasies	—	18 000	—	354 250	—
Third Series National Defence Bonds	Derde Reeks Nasionale Verdedigings-obligasies	—	51 000	—	126 650	—
7 Per Cent Treasury Bonds	7 Per Cent Tesourie-obligasies	—	1 840 400	—	8 419 400	—
Defence Bonus Bonds	Verdedigingsbonusobligasies	—	217 260	—	19 179 345	—
8 Per Cent National Defence Bonds	8 Per Cent Nasionale Verdedigings-obligasies	—	40 450	—	1 096 850	—
Internal Registered Stock:	Binnelandse Geregistreerde Effekte:					
8.75 Per Cent, 1980	8.75 Per Cent, 1980	—	—	—	862 867 550	—
5.25 Per Cent, 1980	5.25 Per Cent, 1980	—	—	—	84 000 000	—
5.375 Per Cent, 1980	5.375 Per Cent, 1980	—	—	—	20 000 000	—
Foreign Loans and Credits Redeemed:	Buitelandse Lenings en Kredite Ge-delg:					
6 Per Cent Export Credit Facility	6 Per Cent Uitvoerkrediet-fasiliteit	—	—	—	4 529 770	—
1979/81	1979/81	—	—	—	13 629 432	—
1977/84	1977/84	—	—	—	400 303	—
1978/81	1978/81	—	11 774 412	—	24 329 389	—
1982/84	1982/84	—	—	—	12 468 827	—
1979/81	1979/81	—	5 263 158	—	10 806 639	—
1978/80	1978/80	—	—	—	800 830	—
1978	1978	—	—	—	40 114 662	—
1981	1981	—	—	—	74 423	—
1976/85	1976/85	—	—	—	4 374 263	—
1977/86	1977/86	—	—	—	4 268 498	—
1977/86	1977/86	—	—	—	4 393 157	—
1979/84	1979/84	—	3 925 296	—	2 925 296	—
1980	1980	—	51 250 513	—	51 250 513	—
Issues, State Revenue Votes, 1979/80	Uitbetalings, Staatsinkomstebegrotings-poste, 1979/80	—	562	—	3 996 562	—
Issues, State Revenue Votes, 1978/79	Uitbetalings, Staatsinkomstebegrotings-poste, 1978/79	—	—	—	24 304	—
		R	830 421 726	—	7 432 363 624	—
		R	2 215 183 306	—	16 935 188 440	—
Exchequer Balance, 30 November 1980	Staatkassaldo, 30 November 1980	—	44 308 489	—	44 308 489	—
Cash	Konstant	—	—	—	—	—
<b>Totals</b>	<b>Totals</b>	—	2 259 491 795	—	16 979 496 929	—

(a) Section 1 of Act 38 of 1977.  
 (b) Section 2 (1) (a) of Act 54 of 1971.  
 (c) Section 8 of Act 18 of 1936.  
 (d) Section 7 (1) of Act 53 of 1957.  
 (e) Section 196b (1) (a) of Act 63 of 1962.  
 (f) Section 22 (4) (a) of Act 25 of 1969.

(a) Artikel 1 van Wet 38 van 1977.  
 (b) Artikel 2 (1) (a) van Wet 54 van 1971.  
 (c) Artikel 8 van Wet 18 van 1936.  
 (d) Artikel 7 (1) van Wet 53 van 1957.  
 (e) Artikel 196b (1) (a) van Wet 63 van 1962.  
 (f) Artikel 22 (4) (a) van Wet 25 van 1969.

## DEPARTMENT OF JUSTICE

No. 2536

12 December 1980

## REDEFINITION OF THE LOCAL LIMITS OF THE DISTRICTS OF THE CAPE AND GOODWOOD

Under and by virtue of the powers vested in me by section 2 (1) (c) and (1) of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act 32 of 1944), I, Hendrik Jacobus Coetsee hereby give notice that, I—

(a) amend Schedule A of Government Notice 1882 of 1975, Schedule D of Government Notice 173 of 1973 and Schedule B of Government Notice 1611 of 1976 by redefining the local limits of the District of The Cape as set out in Schedule A hereto; and

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. 2536

12 Desember 1980

## HEROMSKRYWING VAN DIE PLAASLIKE GRENSE VAN DIE DISTRIKTE DIE KAAP EN GOODWOOD

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (1) (c) en (1) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), gee ek, Hendrik Jacobus Coetsee hierby kennis dat ek—

(a) Bylae A van Goewermentskennisgewing 1882 van 1975, Bylae D van Goewermentskennisgewing 173 van 1973 en Bylae B van Goewermentskennisgewing 1611 van 1976 wysig deur die plaaslike grense van die distrik Die Kaap te heromskryf soos in Bylae A hiervan uiteengesit; en

(b) amend Government Notice 723 of 1974 and Schedule B of Government Notice 1882 of 1975 and Schedule C of Government Notice 1611 of 1976 by redefining the local limits of the District of Goodwood as set out in Schedule B hereto.

H. J. COETSEE, Minister of Justice.

#### SCHEDULE A

##### (THE CAPE)

Beginning at the point where the prolongation of the northern boundary of Erf 1432, Hout Bay, intersects the low-water mark of the sea; thence north-eastwards along the said prolongation and the said boundary to the point where it intersects the middle of Liermans Kloof Stream; thence up the middle of the said stream to its source at the end of the Twelve Apostles Range; thence along the north-western ridge of the said range to St Peter's Peak; thence in a straight line to the south-western beacon of Farm 861, Cape; thence generally eastwards along the southern boundary of the said farm to Reserve Peak common to it and the Wynberg Catchment Area as surveyed by the land surveyor, Mr Bisset; thence along the north-eastern boundary of the said Catchment Area to its easternmost beacon; thence northwards along the eastern ridge of Table Mountain to a point on the ridge nearest Devil's Peak; thence in a straight line to Devil's Peak; thence in a straight line to the King's Block House; thence generally north-eastwards in a straight line to the point where the eastern boundary of De Waal Drive intersects the northern boundary of Settler's Way; thence generally eastwards along the northern boundary of the said Settler's Way to the point where it intersects the middle of Raapenberg Road; thence north-eastwards along the middle of the said Raapenberg Road to the Pinelands Bridge; thence northwards along the middle of Alexandra Road and eastwards along the middle of Ndabeni Road and the prolongation thereof to the Pinelands-Oude Molen Railway Line; thence north-eastwards along the railway line to Berkley Road; thence eastwards along the middle of Berkley Road to Sunrise Circle; thence northwards along the middle of Prestige Drive to the northern suburban railway line; thence eastwards along the railway line to the Olivier Bridge; thence generally northwards along the prolongation of the western boundary of Vanguard Drive to the point where it intersects the northern boundary of Voortrekker Road; thence westwards along the northern boundary of the said Voortrekker Road to the point where it intersects the eastern boundary of Aerodrome Road; thence northwards along the eastern boundary of the said Aerodrome Road to the point where it intersects the southern boundary of Portion 7 of the farm Montague Gardens 245; thence westwards along the southern boundaries of the following properties: The said Portion 7 of the farm Montague Gardens 245, Portions 8 and 21 of the said farm Montague Gardens 245, to the westernmost beacon of the last-mentioned portion; thence north-eastwards along the south-eastern boundary of the trunk road from Cape Town to

(b) Goewermentskennisgewing 723 van 1974 en Bylae B van Goewermentskennisgewing 1882 van 1975 en Bylae C van Goewermentskennisgewing 1611 van 1976 wysig deur die plaaslike grense van die distrik Goodwood te heromskryf soos in Bylae B hiervan uiteengesit.

H. J. COETSEE, Minister van Justisie.

#### BYLAE A

##### (DIE KAAP)

Begin by die punt waar die verlenging van die noordelike grens van Erf 1432, Houtbaai, die laagwatermerk van die see kruis, daarvandaan noordooswaarts met genoemde verieuging en genoemde grens langs tot by die punt waar dit die middel van Liermans Kloofstroom kruis; daarvandaan met die middel van genoemde stroom op tot by sy oorsprong by die einde van die twaalf Apostelsoergreks; daarvandaan met die noordwestelike rif van genoemde bergreks langs tot by St Peter's Peak; daarvandaan in 'n reguit lyn tot by die suidwestelike baken van Plaas 861, Kaap; daarvandaan algemeen ooswaarts met die suidelike grens van genoemde plaas langs tot by Reserve Peak gemeen daaraan en aan die "Wynberg Catchment Area" soos opgemeet deur die landmeier, mnr. Bisset; daarvandaan met die noordoostelike grens van genoemde opvanggebied langs tot by sy oostelikste baken; daarvandaan noorwaarts met die oostelike rif van Tafelberg langs tot by 'n punt op die rif naaste aan Duiwelspiek; daarvandaan in 'n reguit lyn tot by Duiwelspiek; daarvandaan in 'n reguit lyn tot by die "King's Block House"; daarvandaan algemeen noordooswaarts in 'n reguit lyn tot by die punt waar die oostelike grens van De Waalrylaan die noordelike grens van Settlaarsweg kruis; daarvandaan algemeen ooswaarts met die noordelike grens van die genoemde Settlaarsweg langs tot by die punt waar dit die middel van Kaapenbergweg kruis; daarvandaan noordooswaarts met die middel van genoemde Kaapenbergweg langs tot by die Pinelandsbrug; daarvandaan noordwaarts met die middel van Alexandraweg langs en ooswaarts met die middel van Ndabeniweg en die verlenging daarvan langs tot by die Pinelands-Oude Motenspoorlyn; daarvandaan noordooswaarts met die spoorlyn langs tot by Berkleyweg; daarvandaan ooswaarts met die middel van Berkleyweg tot by Sunrise Circle; daarvandaan noordwaarts met die middel van Prestigerylaan langs tot by die noordelike voorstedelike spoorlyn; daarvandaan ooswaarts met die spoorlyn langs tot by die Olivierbrug; daarvandaan algemeen noordwaarts langs die verlenging van die westelike grens van Vanguardrylaan tot by die punt waar dit die noordelike grens van Voortrekkerweg kruis; daarvandaan weswaarts met die noordelike grens van genoemde Voortrekkerweg langs tot by die punt waar dit die oostelike grens van Aerodromeweg kruis; daarvandaan noordwaarts met die oostelike grens van genoemde Aerodromeweg langs tot by die punt waar dit die suidelike grens van Gedeelte 7 van genoemde plaas Montague Gardens 245 kruis; daarvandaan weswaarts met die suidelike grense van die volgende ciendomme langs: Genoemde Gedeelte 7 van die plaas Montague Gardens 245, Gedeeltes 8 en 21 van genoemde plaas Montague Gardens 245, tot by die westelikste baken van laasgenoemde gedeelte; daarvandaan noordooswaarts met die suidoostelike grens van die grootpad vanaf Kaapstad na Paarl langs

Paarl, to the point where it intersects the western boundary of the trunk road to Malmesbury; thence generally northwards along the western boundary of the said trunk road to the point where it intersects the southern boundary of the farm Morning Star 141, Cape; thence generally westwards along the boundaries of the following properties so as to exclude them from this area: The said farm Morning Star 141, Farms 101, 91, 142, 143, 142, 144, 145 and Klein Melkbosch 94, to the southernmost beacon thereof; thence south-westwards along the prolongation of the southern boundary of the last-mentioned farm, to the point where it intersects the low-water mark of the sea; thence generally southwards along the said low-water mark, so as to include the Cape Town Docks and Harbour Works, to the point of beginning.

The district includes Robben Island, Dassen Island, Ichaboe and Penguin Island, Prince Edward Island and Marion Island.

#### SCHEDULE B (GOODWOOD)

Beginning at the point where the north-eastern boundary of the Platteklouf Road to Bloubergstrand intersects the north-western boundary of the Cape Town-Malmesbury Trunk Road; thence south-eastwards across the said trunk road and along the north eastern boundary of the said Platteklouf Road to Beacon A on the diagram of Portion 1 of the farm De Grendel 255, Cape; thence generally southwards along the boundaries of the following Cape farms so as to exclude them from this area: The said Portion 1 of De Grendel 255 and Farm 395 (Lot D, Platteklouf), to the westernmost beacon of Panorama Township (T.P. 874 LD); thence generally southwards along the Goodwood municipal boundaries, as proclaimed by Proclamation 45, dated 6 March 1964, to Beacon E on the diagram of the farm Bishop Lavis 462; thence south-eastwards along boundaries EF, FH', H'J', J'G', GW' and W'L, to Beacon L on the diagram of the said farm Bishop Lavis 462; thence westwards along the southern boundary of the said Farm 462, to the north-eastern beacon of Portion 23 of Farm 468; thence southwards along the eastern boundary of the said Portion 23, to the north-eastern beacon of Portion 13 of the said Farm 468; thence in a clockwise direction along the boundaries of the following properties so as to exclude them from this area: The said Portion 13, Portions 12, 11 and 18, of the said Farm 468, Portions 15 and 13 of the farm Nooitgedacht 466, Portion 4 of Farm 440 and Portions 16 and 14 of the farm Kalksteenfontein 465, to the north-western beacon of the last-mentioned portion; thence westwards along the prolongation of the northern boundary of the said Portion 14 of the farm Kalksteenfontein 465, to a point where it intersects the eastern boundary of Portion 9 of the said farm Kalksteenfontein 465; thence southwards along the eastern boundary of the said Portion 9 of the farm Kalksteenfontein 465, to a point where it intersects the north-eastern boundary of Settler's Way; thence north-westwards along the north-eastern boundary of the said Settler's Way, to a point where it intersects the western boundary of Vanguard Drive; thence generally northwards along the said western boundary of Vanguard Drive, to the point where it intersects the northern boundary of the Bonteheuwel-Langa-Rapenburg

tot by die punt waar dit die westelike grens van die grootpad na Malmesbury kruis; daarvandaan algemeen noordwaarts met die westelike grens van genoemde grootpad langs tot by die punt waar dit die suidelike grens van die plaas Morning Star 141, Kaap, kruis; daarvandaan algemeen weswaarts met die grense van die volgende eiendomme langs sodat hulle uit hierdie gebied uitgesluit word: Genoemde plaas Morning Star 141, Plase 101, 91, 142, 143, 142, 144, 145 en Klein Melkbosch 94, tot by die suidelikste bak en daarvan; daarvandaan suidweswaarts met die verlenging van die suidelike grens van laasgenoemde plaas langs tot by die punt waar dit die laagwatermerk van die see kruis, daarvandaan algemeen suidwaarts met genoemde laagwatermerk langs, sodat die Kaapstadse Dokke en Hawewerke ingesluit word, tot by die beginpunt.

Die distrik sluit Robbenciland, Dasseneiland, Ichaboe- en Penguiniland, Prins Eduardeiland en Marioneiland in.

#### BYLAE B (GOODWOOD)

